

4. Jesus Genees en bid

Markus 1:29-39

VERWELKOMING:

5 MIN

YSBREKER:

20 MIN

- Wat is die siekste wat jy al was?
- Wat herlaai jou batterye die beste?

AANBIDDING:

5 MIN

Ons kan God vereer vir wat Hy DOEN. Maak 'n lys van alles wat God doen. Laat een persoon in gebed dan vir God eer hiervoor. Vra ook een persoon om die lys met eienskappe vir almal beskikbaar te stel (bv. met e-pos of kopieë om te bêre).

BYBELSTUDIE:

35 MIN

Lees Markus 1:29-39. Laat elkeen in die groep een vers hardop lees.

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.
- Wat het die mense by Jesus gesoek? Wat soek mense vandag van Jesus?
- Wat het Jesus by mense gesoek? Wat soek Hy vandag by ons?
- Waarom het Jesus nodig om te bid?
- Waarom gaan Jesus eenkant alleen om te bid? Waarom bid Hy nie sommer tussen die mense nie?
- Wat maak jou die moegste: laat aande (vers 32), mense se eise (vers 33), lang ure se werk (vers 34)? Hoe herstel jy?
- Waarom gaan Jesus nie na die mense toe wat Hom soek nie (vers 37)? Het sy stiltetyd iets daarmee te doen?
- Hoe hou jy stiltetyd? Wat sou jy wou verander?
- Mense wou baie van Jesus hê. Soms het Hy hulle gehelp, soms het Hy eenkant toe gegaan om alleen te wees, soms het Hy weggegaan sonder om hulle te help. Kan ons iets hieruit leer vir ons omgaan met mense?

GETUIG:

5 MIN

Hoe kan ons getuies wees dat ander kan sien dat geloof lekker is?

DIENSWERK:

5 MIN

'n Kleingroep moet mekaar dien, maar 'n kleingroep is ook deel van 'n gemeente. Hoe kan julle kleingroep die gemeente dien?

GEBEDSRIGLYN:

10 MIN

Skuldbelydenis is om teenoor die Here jou oortredinge te bely. Ons doen dit nie omdat ons vergifnis daarvan afhanklik is nie – ons is klaar vergewe! Ons doen dit om te bekeer sodat ons kan ophou om dit te doen. Op watter manier kan skuldbelydenis ons help met bekering? Gee nou 3 minute van stilte sodat elkeen sy/haar skuldbelydenis voor die Here in gebed kan doen.

ADMINISTRASIE:

5 MIN
